19. Kerkargief en Kerkmuseum

19.1 RAPPORT DEPUTATE HISTORIESE SAKE (Artt 18, 273, 283, 302, 322, 340)

UUUUUU. Dr JM van Tonder lewer die Rapport.
VVVVVV. Besluit: Die Rapport word verwys na Kommissie Kerksake: Histories en Kerkregtelik.
WWWWWW. Besluit: Finansiële sake word verwys na die Kommissie vir Finansies.
XXXXXX. Dr WC Opperman rapporteer namens die Kommissie vir Kerksake: Histories en Kerkregtelik.
YYYYYY. Di PJ Nel en J van Schaik rapporteer namens die Kommissie vir Finansies.

ZZZZZZ. **RAPPORT**

1. Opdrag
Acta 2006:379-385.
Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode kennis moet neem

2.1 *Die Kerkargief te Potchefstroom*
Met dankbaarheid teenoor die HERE God kan ons rapporteer dat daar die afgelope drie jaar in die Kerkargief gearbei is.

2.1.1 Die argiefpersoneel:
Mev Joke Botha, die argivaris, het na 18½ jaar bekwame diens aan die einde van 2007 uitgetree. Die Deputate het by 'n vergadering in 2008 groot dank teenoor mev Botha uitgespreek vir haar nougesette werk. 'n Artikel het in *Die Kerkblad*, September 2008 verskyn.
'n Assistent-argivaris, mev C Huisman, is sedert Januarie 2007 in diens geneem. Mettertyd het twee deelposte vir mev Huisman ter sprake gekom, naamlik assistent-argivaris en vir die resterende 50% betrokkenheid by die 150-Jaar feesreëlings. Dit hou in dat mev Huisman vanaf 1 Mei 2009 voltyds in diens van die Argief sal kan werk.
Die Deputate het advies verleen en aanbevelings gedoen oor die vereistes vir die pos van argivaris wat aan die begin van 2008 in *Die Kerkblad* geadverteer is. Die Deputate het slegs in *Die Kerkblad* van April 2008 kennis moes neem dat en op welke wyse die pos gevul is deur die Administratiewe Buro. Die Deputate het ontevredenheid met die werkswyse aan die Administratiewe Buro meegedeel.

2.1.2 Werksaamhede
Werksaamhede kon voortgaan en daar is vordering gemaak met rekenarisering van toegange op inligting op verskeie vlakke.

2.1.2.1 Die GKSA se argief se betrokkenheid by die NAAIRS-projek *(National Automated Archival Information Retrieval System)* van die Nasionale Argiewe gaan voort. Dit is 'n gratis diens aan meewerkende argiewe en stel 'n opsomming van inventarisse (slegs toegange) op die Internet beskikbaar.

2.1.2.2 Die foto-indeks in die Kerkargief is voltooi en elektronies beskikbaar vir navorsing.

2.1.2.3 Die gemeente-inventarisse is op datum gebring en elektronies beskikbaar. Dit is ook vir plasing op die GKSA se webwerf gestuur.

2.1.2.4 Op gereelde basis word kontak opgeneem met gemeentes wat nie argivalia in bewaring gegee het nie. Die belang van bewaring van elektroniese argivering word toenemend onder gemeentes se aandag gebring.

2.1.2.5 'n Handleiding vir argiefgebruik is opgestel. Dit verduidelik die proses van aanwins en ontsluiting van argivalia.

Besluit: Kennis geneem van 2.1 tot 2.1.2.5.

2.1.3 Aanbevelings

2.1.3.1 Dat die werk in die Argief kontinueer deurdat die Deputate opgedra word om die bewaring van argivalia wat gevorm word in papier- en elektroniese formaat, aktief te bevorder.

Dit vereis die beplanning vir bykomende argiefrakruimte (LW: onder geen omstandighede kan daar weggedoen word met huidige argivalia in die vorm van papier, deur bv. slegs digitale verfilming, nie. Die oorspronklike dokument moet ook bewaar word). Daarom die motivering vir beplanning van bykomende rakruimte in die komende jare. Die Kerk skep steeds argivalia in hierdie vorm en die Argief ontvang eers jare later argivalia wat bv. in die 1980's of 1990's geskep is op papier. Daar moet egter toenemend 'n beleid ontwikkel waarvolgens die Kerk besin oor die bewaring en eenvormigheid van argivalia in die 21ste eeu wat in groot hoeveelhede op verskillende elektronies maniere ontstaan en aldus bewaar moet word.

Besluit: Goedgekeur. Die Administratiewe Buro moet vir bykomende rakruimte in die argief in die volgende begroting voorsiening maak. Die Deputate Historiese Sake wys in samewerking met die Administratiewe Buro 'n persoon aan om 'n beleid te ontwikkel vir die eenvormige bewaring van elektroniese data van gemeentes.

2.1.3.2 Kontinuering van deelname aan die NAAIRS-projek.

Besluit: Goedgekeur.

2.2 *Musea*

2.2.1 Die Burgersdorpse Kultuurhistoriese Museum (BKM)

Vir die tyd waaroor gerapporteer word, het daar verskeie baie belangrike gebeure plaasgevind rondom dié Museum waarvan die Sinode deeglik moet kennis neem. Daarom word 'n breër agtergrond hier verskaf.

2.2.1.1 Betrokkenheid

Daar word met waardering veral prof B. Spoelstra as Trusteeraadslid namens die GKSA genoem vir sy voortgesette en ongebluste ywer om die belange van die BKM te dien.

Die Deputate wil ook 'n dankwoord uitspreek teenoor die byna daaglikse betrokkenheid van oudl A. Gerhard Coetsee van Burgersdorp as voorsitter van die Trusteeraad. Dit beklemtoon die sterk aandeel wat die GKSA in hierdie streeks- en gemeenskapsmuseum het. Oudl Coetsee hou 'n wakende oog en versorg ook die graf van wyle prof Dirk Postma in die dorpsbegraafplaas. Gedurende Oktober 2008 is met skok kennis geneem dat die historiese gietyster-traliewerk rondom die graf gesteel is. Die grafsteen is gelukkig nie geskend nie.

Terselfdertyd spreek die Deputate hulle teleurstelling uit ten opsigte van die feit dat die indruk gewek word (o.a. uit onbehandelde korrespondensie van die Deputate) dat die Kerkraad van Burgersdorp 'n trae betrokkenheid t.o.v. die Museum openbaar, terwyl die Kerkraad direk belang het in sake soos eiendomsreg.

2.2.1.2 Historiese agtergrond

Op die 37ste Sinode (Acta 1970:447-448, 8d-e) word die GKSA se direkte betrokkenheid by die bewaring van die Ou Teologiese Skoolgebou te Burgersdorp en die bevordering van die oprigting van 'n Museum op dié terrein aanvaar.

In 1972/73 is die Ou Teologiese Gebou (1869), pastorie en buitegeboue met Sinodale opdrag deur die GKSA gerestoureer. Dit is uit hierdie geboue waaruit die PU vir CHO uiteindelik ook sou groei. Burgersdorp, 'n bakermat van Gereformeerdes, het ook 'n beduidende rol in die stryd om taalregte (1882) vir Hollands en Afrikaans gespeel, waarvan die taalmonument op die dorp getuig. Dit alles verleen aan die BKM nie net 'n dorps- en streekskarakter nie, maar 'n landswye karakter waarby alle Gereformeerdes, Afrikaners en Afrikaanssprekendes 'n kultuurhistoriese belang het.

In 1971 is die Burgersdorpse Kultuurhistoriese Museum Vereniging met 'n eie statuut in die lewe geroep. Die BKMV het enkele lede in die Beheerraad van die Museum benoem en op jaarvergaderings die vordering ontvang. Mettertyd het die

aparte funksionering van ’n eie bestuur vir die BKMV vanweë goeie samewerking dus oorbodig geword. Vanweë besorgdheid rondom die verandering in museumwetgewing die laaste jare het die BKMV herleef op 23 Oktober 2008 en daarna ’n aparte, nuwe bestuur in die lewe geroep. Die Deputate was verteenwoordig deur oudl NG Sarkady tydens die vergadering.
Die Beheerraad van die Museum het destyds nou met die Wes-Kaapse Provinsiale Administrasie saamgewerk. Ordonnansies van die Provinsie het in 1968 en 1975 daartoe gelei dat subsidie bewillig is en die Museum onder ’n kategorie “provinsiaal ondersteunde museums” beland het. Die *status quo* is gehandhaaf ook ná 1994. Geleidelik het die Oos-Kaap Provinsie begin om meer en meer met die Kurator se te skakel en nie meer met die Beheerraad nie. Dit was die eerste tekens van ’n verandering in benadering.
In 2004 is ’n nuwe Museumwet vir Oos-Kaapse Museums ingevoer. Dit het die posisie van die Beheerraad/Trusteeraad van die Museum en ook die GKSA se benoemings van trustees direk geraak. Art. 14 van die Museumwet (2004) skaf dié Raad af. Die benoemde Trustees bly net “tydelik” in funksie totdat ’n nuwe “Museum Council”, bestaande uit genomineerdes uit die provinsiale amptenary, konstitueer. Tot en met Oktober 2008 het die nuwe reëling nog nie gegeld nie. Ds G Opperman het as Deputaat ’n Algemene Jaarvergadering in 2008 onder die huidige Bestuur bygewoon. Die Trusteeraad beplan om weer in Nov/Des 2008 te vergader.
Die implikasie van die Museumwet 2004 behels ook oorname van alle eiendom van “provinsiaal ondersteunde museums”.
Die Wet maak egter voorsiening in art 30/31 vir ’n gemeenskapsmuseum met ’n eie Raad van Beheer wat dan deur die provinsie erken en gesubsidieer kan word. Die Trusteeraad het per brief op 28 Junie 2004 ’n besluit aan die Oos-Kaapse Provinsie berig gegee van ontevredenheid met die rigting wat die nuwe wetgewing voorstel en dat die BKM dan inderdaad as ’n “gemeenskapsmuseum” kwalifiseer en daarom erkenning en subsidie sou kon ontvang. Tot hede is op die skrywes geen kommentaar ontvang nie. (Lede van die Departement belas met Museumsake in die Oos-Kaapse Provinsie het bv. wel in die afgelope tyd die opening van ’n Xhosa-uitstalling in ’n deel van die Museum bygewoon.)
Gedurende 2007 het die Deputate advies van die Deputate vir Regsadvies ingewin oor die moeilikhede rondom die BKM. In ’n verslag (3 Augustus 2007) wat uitgebring is, na ’n regsmening van adv GL Grobler, beveel die Deputate vir Regsadvies onder meer aan dat:
Die Trusteeraad moet voortgaan met werksaamhede tot tyd en wyl die Wet van 2004 in werking tree. Daarna moet die Trusteeraad oorweeg hoe skenkers bv. in kennis gestel word van die veranderinge. Die *status quo* is veral beredeneer. By die Deputate het dit egter die indruk gelaat dat advies nie voldoende uitgebring is rondom belangrike sake soos die eiendomskwessie met terugvalklousules en moontlike konfiskering van eiendomme nie, die regte van skenkers ens. Kortom, dit het die Deputate nie van konkrete advies bedien oor doelgerigte optrede vir die dilemma wat die nuwe Wet meebring nie.
Prof Spoelstra het daarby ook verskil van benaderings in die regsadvies waar dit die rol van die GKSA in die verhouding met die BKM raak. Die Deputate het geoordeel om in die periode na Augustus 2007 veral ’n versigtig-afwagtende houding in te neem rondom die regsake gesien in die lig dat die nuwe Museumwetgewing nog nie gestalte gekry het nie.
Die Sinode moet kennis neem, in die lig van bogenoemde, dat die huidige Trusteeraad enige dag kan ontbind. Die BKM Vereniging het tydens ’n vergadering op 25 Junie 2008 weer ’n Bestuur benoem (waaronder namens die Deputate: tans oudl NG Sarkady en ds G Opperman) om vaste eiendom en voorwerpe te beheer as besit van die BKM self, kragtens art 4 van die Oprigtingsakte (1971) die saak van ’n gemeenskapsmuseum (art 30, Museumwet 2004) as besprekingspunt te gebruik om van geldelike “provinsiaal ondersteunde museum” terug te keer na ’n

situasie soos in 1971 waar die BKMV onderhandel met die provinsie oor subsidie, indien dit nodig blyk te wees.

Besluit: Kennis geneem van 2.2.1 tot 2.2.1.2.

2.2.1.3 Aanbevelings

2.2.1.3.1 Die Sinode neem kennis van die Rapport.

Besluit: Kennis geneem.

2.2.1.3.2 Die Regsdeputate kry opdrag om in die lig van die geskiedenis van die Burgersdorpse Kultuurhistoriese Museum, nl. dat die museum tans deur 'n Trusteeraad bestuur word, in detail op alle regsaspekte daarvan in te gaan. Aspekte wat besondere aandag behoort te geniet, is die volgende: registrasie van bates/eiendomme en implikasies van die betrokke museumwet van die Oos-Kaap oor die regsposisie van die BKM.

2.2.1.3.3 Dat die Deputate Historiese Sake, sowel as die huidige Gereformeerde verteenwoordigers op die Trusteeraad, in die lig van 2.2.1.3.2 geadviseer word hoe om binne die toelating van die museumwet die GKSA se historiese eiendomme in die Oos-Kaap die beste bewaar en te bestuur.

2.2.1.3.4 Om met kerke in die Noordoos-Kaapse omgewing oorleg te pleeg ten einde die kultuurhistoriese erfenisse van die GKSA behoue te laat bly. Motivering: Persone wat besig is met reëlings vir die 150-jarige fees, het dit onder die aandag van die Kommissie gebring dat historiese kerkgeboue in die Noordoos-Kaap ernstige aandag nodig het.

2.2.1.3.5 Die kerke word aangemoedig om die BKM aktief te ondersteun deur besoeke en as lede (intekenare) aan te sluit, omdat dit 'n lewende voorbeeld is van die bydrae van die GKSA in die gemeenskapsontwikkeling van die hele Noordoos-Kaap en verder.

2.2.1.3.6 Die Deputate uit te brei of desnoods *ad hoc*-deputate te benoem vir hierdie ingewikkelde saak met toevoeging van lede met regskennis én iemand uit die Klassis Burgersdorp.

Besluit: Punt 2.2.1.3.2 tot 2.2.1.3.6 word goedgekeur soos gewysig – wysigings is reeds aangebring – Deputate Handelinge.

2.2.2 Die Potchefstroomse Kerkmuseum

2.2.2.1 Werksaamhede

Die Deputate kan met dankbaarheid rapporteer dat die kurator van die Potchefstroomse Kerkmuseum, sr MED Coetsee, met groot ywer die werksaamhede voortgesit het. Sy het aan die Deputate kennis gegee dat sy in 2009, na die 150-jaar fees, haar pos sal ontruim en iemand ander aangestel moet word.

Sr Coetsee (wed van br MPA Coetsee, jarelange kurator) het sedert 2003 as kurator opgetree en met getrouheid die werk verrig.

Die laaste drie jaar is heelparty voorwerpe toegevoeg. Daar is egter nie 'n toestroming nie. Die ontvange voorwerpe is in die aanwinsregister geïndekseer en op uitstalling.

Die besoekersboek in die Museum toon die besoekersgetalle. Die Deputate sou graag wou sien dat hierdie syfers groei. Verskeie katkisasie- en belydenisgroepe het besoek gebring, asook enkele oorsese besoekers, toergroepe en navorsers.

Met dank rapporteer die Deputate dat geld bewillig is vanaf die Administratiewe Buro vir verandering van huidige uitstallings, juis met die oog op die feesvieringe van DV 2009. Hierdie veranderde uitstallings is in proses en sal vroeg in 2009 voltooi wees.

Besluit: Kennis geneem.

2.2.2.2 Aanbevelings

(i) Dat die kerke lidmate aanmoedig om voorwerpe vir die Museum te skenk.

(ii) Dat kerke aangemoedig word om die Museum te besoek.

(iii) Die Sinode word versoek om weer vir die instandhouding en uitbreiding van die Kerkmuseum te raam.

Besluit: Goedgekeur.

Dank word uitgespreek teenoor mnr Gerhard Coetzee en prof B Spoelstra wat as Trustees van die BKM opgetree het.

Dank word ook aan die Noordwes Universiteit oorgedra. Motivering: Daar is groot waardering vir die finansiële en kundige insette van die Noordwes Universiteit, wat die museum die afgelope jaar pragtig opgegradeer het.

Die Sinode neem met dank kennis van die Kerkmuseum wat opgerig is in Nylstroom. Die Kerkraad van Waterberg word sterkte toegewens met die mooi poging.

'n Dankwoord word gerig aan ds G Opperman vir sy werk aan die daarstelling van 'n DVD wat die kerkgeskiedenis in beeld uitbeeld. Ook dank aan GK Brits-Wes vir bereidwilligheid om ds Opperman beskikbaar te stel vir die werk.
'n DVD word oorhandig aan dr JM van Tonder [ds LH van Schaik ontvang die DVD namens dr Van Tonder].